# 1 KORINTHIËRS 13:9-13

**TEMA:** **<u>Heilige Gees – Die Voorganger</u>**

Oordenking deur: **Gert du Plessis (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)**
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: 1 KORINTHIËRS 13:9-13**

**1 Kor. 13:9 Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.**
**1 Kor. 13:10 Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.**
**1 Kor. 13:11 Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.**
**1 Kor. 13:12 Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.**
**1 Kor. 13:13 En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.**

-o0o-

Voor mens die bogenoemde gedeelte kan verstaan, moet ons weet hoekom, waarom en wat is God? Wat is God se hoofbestanddeel?

Wanneer ons brood wil knie, is broodmeel die hoof bestanddeel. Al die ander bestanddele is slegs byvoegings tot die meel, om die brood te maak.

*Die hoofbestanddeel van die Godheid is **LIEFDE***, daarom is die hele evangelie, 'n evangelie van liefde. Liefde en alles wat daarmee gepaard gaan.

Ons kan in die vroeër verse lees van 1 Korinthiërs 13 lees, waaroor gaan die liefde. Daaruit sien ons die eienskappe wat die Godheid het, wat in ons moet wees, sodat ons Sy beeld kan uitdra op die aarde.

## 1. HOEKOM IS DIE HEILIGE GEES DAAR?

***Wat is die doel van die Heilige Gees hier op die aarde?***

- **<u>Dit is soos 'n voorganger</u>**

'n Voorbeeld: Toe ons almal op skool was, het ons kinderlik onskuldig belang gestel in 'n maatjie van die teenoorgestelde geslag. 'n Seuntjie of meisie wie van 'n sekere maatjie van die teenoorgestelde geslag hou en die se aandag wou wen, moes 'n kanaal na daardie maatjie toe vind. Hy of sy sou gewoonlik 'n boetie of sussie nader, of 'n vriend of vriendin wie dan daardie betrokke persoon moes kontak om aan daardie maatjie wie in die oog is, 'n briefie af te lewer. So begin die maatjies wie van mekaar hou, boodskappies heen en weer stuur om die aandag te trek.

- **<u>Dit is presies hoe Heilige Gees op die aarde werk</u>**

Jesus, die Bruidegom, ons Messias, sit in die hemel aan die regter hand van Vader.

- Hy stuur die Heilige Gees uit na hierdie aarde toe, om Sy liefdesverhouding met ons te begin bou.
- Die Heilige Gees vertel vir ons van hierdie wonderlike Bruidegom; hierdie wonderlike Koning; hierdie wonderlike Here wat met ons 'n eenheid, 'n gemeenskap wil vorm.
- En Heilige Gees vertel ons wie hierdie Here is, hoe lieflik Hy is en Hy maak ons die hof.
- Sodra ons klaar na Hom geluister het wat Hy vir ons vertel, sal ons óf die liefdesoffer aanvaar óf verwerp.

Sou ons hierdie liefde aanvaar, sal die Heilige Gees ons net meer en meer leer rondom hierdie Woord, hierdie Bruidegom, hierdie Messias, rondom hierdie EEN wie daarna smag om met ons **<u>een</u>** te word.

-o0o-

## 2. MIDDELMAN

**1 Kor. 13:12 Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.**

Op die aarde sê die Woord sal ons net ten dele ken. 1 Kor. 13:9 Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Wat ken ons ten dele?

Daar is nog nie die diepe openbaring van Hom nie.

Die Heilige Gees is derhalwe die Middelman wat ons nou leer van die Woord:

- Hy openbaar die Woord aan ons,
- Hy leer ons waarvan hierdie Messias van hou en nie van hou;
- Wat Hom gelukkig maak, wat Hom ongelukkig maak,
- Hoe Hy gedien wil word.

Dienooreenkomstig soos die Wet aan die Jood gegee was, só is die Heilige Gees dieselfde. Ons kan dus nie die Wet verwerp nie, aangesien die wette in Christus Jesus tot vervulling gekom het. Daarom omdat ons Hom lief het, wil ons nie hoereer nie; wil nie dood slaan nie; wil nie steel nie; 'n ander man se vrou begeer nie, wil ons geen ander gode dien nie.

## 3. LIEFDESVERHOUDING

Dit gaan nou oor 'n liefdesverklaring en 'n liefdesverhouding.

Terwyl ons hier op aarde is, is die Heilige Gees besig om ons te leer van hoe lyk hierdie Bruidegom, wat is Sy wese, wie is Hy, wat is Hy. Hy leer dit vir ons deur Sy Woord. Want dit is die Woord. Ons kan nie die Woord en die Gees van mekaar skei nie. Ons moet dit altyd onthou - hulle werk saam in 'n eenheid. Die Heilige Gees openbaar die Woord aan ons. Hy leer ons van Christus, niks anders nie.

Heilige Gees het net een doel op die aarde en dis om die Bruidegom aan ons te kom openbaar sodat ons meer en meer soos die Bruidegom sal wees, lewe, funksioneer, lyk, sal alles. As die Bruidegom kom dan moet ons soos Hy lyk. Hy kom vorm en maak ons.

Dit is hoekom die klippe ver weg gekap is vanaf die tempel (1 Kon 6). Die gekapte klippe is dan net so gevat en in die tempel gesit. <u>Ons is die derde tempel</u>. Ons is die derde tempel wat in hierdie dae opgerig moet word, waarin Hy verewig in sal bly. Dit is die sleutel. Hy sal nooit in 'n ander plek gaan bly.

Die Gees van God is daar gestel om in die liggaam van Christus te bly; in Sy kerk, in die wat in die dood gedoop is; die wat die prys betaal, in die waarin Jesus gesê het: Mat 16:24 As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself <u>verloën</u> en sy <u>kruis</u> opneem en My <u>volg.</u>

Ons ken die Bruidegom net ten dele, ons ken Hom nog nie in Sy volheid nie, Sy heerlikheid nie, maar eendag binnekort, wanneer Hy Homself aan ons openbaar. Vers 12 maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.

## 4. VOLMAAKTE

**1 Kor. 13:9 Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.**
**1 Kor. 13:10 Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.**
**1 Kor. 13:12 Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.**

Volmaakte – die Woord. Dit is Christus, die Messias.

As ons die Volmaakte sien, dan sal die bietjie wat ons weet, heeltemal tot niet gaan, want dan het ons die Heerlikheid en dan het ons Sy volheid gesien. Dan al wat saak maak, is die volheid van Christus Jesus.

Dit is so belangrik dat jy in jou binnekamer moet gaan en vir die Heilige Gees vra om die Woord aan jou te openbaar, om die Messias te openbaar. Dit is die hele begin punt.

-o0o-

**Die Heilige Gees is hier op die aarde vir 2 redes**:

- Om ons te oortuig van sonde, en
- Tweedens om die Messias, die Woord aan ons te openbaar, sodat ons geestelik kan groei; sodat Hy ons sal vorm en maak en dat ons meer en meer soos Hy sal lyk.

Wanneer Hy aan ons verskyn, ons nie vreemdelinge vir Hom sal wees nie, maar dat ons sal wees soos Hy. Wanneer ons na Hom toe kom en sê: "*Here, Here in U naam".*
Dat Hy nie vir ons sal sê:

- *"Gaan weg van My, ek ken jou nie want jy het nog nooit soos Ek probeer lyk nie.*
- *Jy het nog nooit My Beeld op aarde nagestreef nie.*
- *Jy het nog nooit toegelaat dat die Heilige Gees jou geleer het nie - jy het gedink dat tradisies jou leer, jy het gedink godsdienste kan jou leer, dat al hierdie dinge jou kan leer, jouself geleer, maar jy het nooit My Heilige Gees, My Voorloper, toegelaat om jou te vul nie.*
- *Jammer, Ek ken jou nie* "

Dit moet 'n verskriklike dag wees!

Ek stel voor: Gaan in jou binnekamer elke dag, spandeer tyd met die Heilige Gees, spandeer tyd met die Woord, laat toe dat Hy jou sal leer.

Terwyl ons in hierdie lewe is sê Paulus: *"Ons ken almal ten dele, maar eendag sal ons van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.*

## 5. HOE KEN CHRISTUS ONS TEN VOLLE?

Hy kan ons alleenlik ken as ons wil toelaat dat die Heilige Gees ons sal vorm en maak soos wat God die Vader beplan het vir ons om te wees – daardie deeltjie wat ek en jy moet invul in Sy liggaam. Want dit is al waarvoor Hy terugkom, vir Sy liggaam, Sy kerk, Sy Bruid, Sy vrou.

Net jy weet waar staan jy.

- Spandeer jy genoeg tyd met die Here?
- Spandeer jy genoeg kwaliteit tyd met Hom?
- En laat jy die Heilige Gees toe om jou te onderrig, te leer op die pad wat jy moet gaan, laat jy Hom toe om jou te lei op die gelyke land?

Kom ons begin met 'n intieme verhouding met die Heilige Gees, en ons vra dat Hy moet verwyder van alles wat verwyder moet word, en by sit alles wat bygesit moet word in ons lewens. Sou ons hier en daar 'n wond opdoen, *ag (dit) 'n loutere vreugde my broeders en susters*, (Jak 1:2) wanneer daardie wonde getuig dat jy 'n liggaam is.

- Die liggaam van Christus Jesus is in 'n eenheid vanaf die kruis afgehaal, daar was nog nooit 'n verdeeldheid nie.
- Die Sanhedrin was verdeeld oor die liggaam van Christus, maar Sy liggaam was nooit verdeeld nie.

Laat ons hande vat en maak van hierdie kosbare Evangelie 'n sukses op die aarde.

Die Vader het soveel verantwoordelikheid in ons hande geplaas.

-o0o-